
# HULLE LEWE VIR DIE BRANDERS



**BO: Die 21-jarige Robin Muir (links) en Larry Levin (20) in hul werkwinkel op Jeffreysbaai met 'n gierplank besig.**

**LINKS: Sylvie Paulik (18) is 'n Nieu-Seelandse nooi. Sy is op 'n wêreldreis en op soek na die beste gierplekke. Met 'n antieke naaimasjien sit sy sommer op die strand en klere maak.**

DEUR JUDY OLIVIER

Foto's: Sigurd Olivier

„EK is gelukkiger in my tent as wat ek in 'n huis van R65,000 kan wees. 'n Mens het nie 'n duur huis nodig wat jou spartel kos om aan die gang te hou nie. Dit is wat die samelewing skort: te hard en te lank reeds spartel ons op die pad van materialisme.

„Ons word geleer om te strewe na beter huise, mooier motors . . . maar dit is alles so verkeerd. My vader meen ek moet beter vaar as wat met homself die geval was — 'n opvatting van vaders oor geslagte heen.

„Die wêreld kan so nie voortgaan nie.

„Begryp u nie dat 'n mens so baie nie nodig het nie?"

Hierdie gedagtes kom van Roger Paarman. Hy is 26, een van die jong strandbewoners van Jeffreysbaai, sowat 40 myl besuide Port Elizabeth. Daar tref 'n mens 'n wisselende bevolking aan van jong mans en meisies wat op die kampeerterreine aan die strand in woonwaens en tente woon. Hulle is daarheen gelok deur die wonderbaarlike geleentheid wat Jeffreysbaai se branding bied vir gierplankry en deur hul verlange om na 'n eenvoudige lewe terug te keer.

Die branding is die spil waarom hul lewe draai. Maar daar steek nog meer in. Die eenvoud van hul lewe het 'n nuwe gedagtegang meegebring, 'n onttrekking as 't ware aan die konvensionele, materialistiese gemeenskap.

Party van hulle verdien hul leeftog deur gierplanke te maak. 'n Paar van die meisies maak klere. Roger Paarman maak leersandale. Daar is van hulle wat hoegenaamd niks doen nie — hulle het gewerk en gespaar om in die posisie te wees om ongesteurd branders te ry. Jy kry daar Suid-Afrikaners, Australiërs, Nieu-Seelanders en Amerikaners.

# HULLE LEWE VIR DIE BRANDERS

DIS die branders wat hulle daarheen gelok het — die besonderse branding wat vir die gierplank so ideaal is. Party van hulle geniet die lewe, besoek die wêreld se beste gieroorde en vertoef waar dit hulle die beste geval. Party van hulle is deur dié sport so meegevoer, het daar so verdiep in geraak dat dit vir hulle byna 'n soort godsdiens geword het.

Die meeste van hulle is jonk — nog nie 22 nie. Roger Paarman is vier jaar ouer. Hy is een van diegene wat vervulling soek in die eenvoudige lewe wat hy gekies het. Hy kom van Kaapstad en het begin branderry toe hy sewentien was. Hy is opgelei as werktuigkundige in verkoeltegniek.

„Maar ek het gou agtergekom dat ek nie van plan is om so bestendig en so konvensioneel soos die meeste mense voort te gaan nie. Ek het sandale begin maak. Ek hou werklik daarvan om met my hande en my intellek te werk. Ek vind dit so bevredigend. Ek dink 'n mens behoort te doen waarvan jy hou. 'n Mens moet dit met jou hart en siel doen, en dit goed doen.

„Ek meen 'n mens behoort agt van die vier-en-twintig uur te werk. Dis in elk geval wat ek doen. My werktyd is nogtans nie die konvensionele werkure nie. As ek daarna voel, begin ek soggens om drie-uur werk. Ek verdien nooit minder as R300 per maand nie. As ek werklik hard werk, kan ek R600 verdien. Ek spaar die meeste daarvan.

„Omdat ek baie eenvoudig lewe, bestee ek nie veel nie.





**BO: Hierdie Australiërs woon op Jeffreysbaai in tente en omgeskepte woonwaens. Hulle reis om die wêreld en besoek die beste gierplekke. Die meeste van hulle werk ses maande en die orige ses maande ry hulle branders.**



**LINKS: Robert Ponting (20) woon nou al meer as 'n jaar op Jeffreysbaai, waar hy gierplanke maak — van die beste in die land. Op die agtergrond is Kenny Freeland (21), ook in die gierplankbesigheid.**





BO: „Branderry is 'n leefwyse . . .”



REGS, BO: „Dis 'n uitdaging om tussen die branders te wees en hulle te oorwin.”



REGS: „Dié soort ding kan 'n mens net een keer in 'n leeftyd doen.”

Ek is nou twee jaar 'n vegetariër. Ek het my tent oor my kop en dis vir die wêreld oop. Dit maak vir my nie saak wie op 'n aand daar aan die slaap raak nie.

„Die geld wil ek gebruik om oorsee te gaan. Ek wil in Australië gaan branders ry. Ek wil kyk hoe daardie mense is — die vibrasies opvang. En daarvandaan wil ek na die Verre Ooste versit en my daar diep inleef.”

ROGER stel intens belang in die Oosterse leefwyse. „Ek doen baie dinkwerk. Ek is ontspanne en dit help 'n mens om helder te dink. Ek dink baie oor God. Na my mening is die konvensionele godsdiens te onbeweeglik — dit wil niks anders toets nie. Party kerke probeer hulle aan jou opdwing. Dis nie die manier van doen nie. 'n Mens kan net op natuurlike wyse ontwikkel.

„Ons praat hier baie oor dié dinge. Sit hier rond en gesels daaroor. Ons liggame en gemoedere is ontspanne en ons praat oor die lewe, oor God en oor gemoedsrus. Seuns van sestien gesels oor die Oosterse geloof en oor hoër filosofieë. Ek dink nie mense besef mooi reg hoe ver die branderryers ontwikkel het nie.

„Ek sal graag wil trou. Maar my vrou sal bereid moet wees om soos ek te leef. Ek sal

# HULLE LEWE VIR DIE BRANDERS

graag my kinders op dié manier wil grootmaak. Ek dink 'n gesin behoort 'n eenheid en saam te wees."

Roger is vol van die son. „Ek is lief vir die son, het dit miskien té lief. Ek gebruik dit vir meditasie. Ek stel vrae aan die son; vrae wat oënskynlik nie beantwoord kan word nie, maar tog vind ek gou die antwoorde."

Hy is nou 'n paar maande op Jeffreysbaai en is van plan om deur die winter daar te bly. Hy wil in die winter ook gereeld gierplank ry. Dié is vir hom ewenwel van heeltemal bykomende belang. „Vir die meeste van die manne hier is dit die werklike groot ding. Maar wat myself betref, hoewel ek gereeld meedoen, is dit nie hoofsaak nie. Tevore was ek meer meegevoer deur die branders. Nou vind ek dat ek daar alleen kan sit en die kans kan gebruik om diep te dink."

VIR 'n groep Australiërs wat in toegeruste woonwaens en tente woon, is die branding veel belangriker. Dis wat hulle na Suid-Afrika laat kom het. Die meeste van hulle is in die een of ander vak opgelei. Daar is bv. 'n skrynwerker, 'n sweiser en 'n elektrisiën. Die meeste van hulle het ses maande gewerk sodat hulle die daaropvolgende ses maande gierplank kan ry.

Hulle sê dat hulle met een rand per dag elk oor die weg kom. Dit sluit die 20c in vir die staanplek. Hul kos is eenvoudig. Dit bestaan hoofsaaklik uit vrugte, groente en 'n spesiaal voedsame pap.

Een van hulle is 'n ryk man se seun, wat die wêreld bereis en bekyk op die manier wat hy verkies. „My ouers doen sake in die eiendomsmark," sê Tim Towers (21). „Hulle wou hê ek moet in dieselfde besigheid tree. Maar ek het gereken dat, as ek dit doen, ek nooit iets sal sien nie en nooit werklik iets sal doen nie. Soos ek die wêreld nou bereis, sien ek ook werklik mense. Niks is vir my beplan nie en ek hoef nie op ander mense staat te maak nie.

„Dis heel moontlik dat ek terugkeer en my in die besigheid begewe. Maar ondertussen lê ek snags hier op my rug, kyk op na die hemele en dink nie daaraan om na 'n stad terug te keer nie. Stede is te moeilik om oor die weg mee te kom. Ek dink ek sal maar eers nog 'n ruk lank op dié manier voortsleur."

Dit is inderdaad soos sake staan. Hierdie jong mense is besig om voort te sleur.

Tim Towers sê: „Ná 'n ruk raak jy daar moeg van. Jy raak uitgegier. Jy gee pad, jy soek 'n ander plek, 'n ander houding. Laat ons toegee — ons is jonk. Dié soort ding kan 'n mens net één keer in 'n leeftyd doen."

HOE kom hierdie jong mense met hul ouers oor die weg? Die antwoord is verbasend en entoesiasties: „Eersteklas, man!"

Oor die algemeen, so lyk dit, het hul ouers ander norme en waardebepalinge, maar hulle het hul ouers nietemin lief.

Vir hierdie branderryers bestaan die lewe daaruit dat hulle in die son sit, gesels, lees, slaap en wag op die branders om die regte deining te kry. Hul lewe draai om die deining, die wind, die getye — alles wat op die aard van die branders 'n uitwerking het.

„Branderry is 'n leefwyse," sê een van hulle.

„Ek lewe vir die branders," sê nog een.

„Dis 'n uitdaging en ek wil tussen die branders wees en hulle oorwin," laat 'n derde van hom hoor.

Een van hulle is Barry (Barrel) Carter. Hy is twintig, kort en het 'n bos blonde krulhare. Vir hom is branderry nie die begin en die einde nie. „Ek gaan twee jaar om die wêreld reis en gierplank ry. Dan gaan ek na die Himalaja. 'n Jaar gelede het ek gelees van 'n gemeenskap daar wat geen polisie, geen wette of jeugdige misdadigers het nie. Daarheen wil ek baie graag gaan."

Barrel is 'n vegetariër. Hy het vir stede, en alles wat dit behels, geen tyd nie. „Ek haat stede oor wat hulle die mens aandoen," sê hy. Hy meen dis te moeilik om met stede oor die weg te kom, want selfs die lug is besoedel. En die mense wat daar woon: „Hulle gaan skool toe, trou later, het kinders en stuur hul kinders skool toe. Dis 'n kringloop, 'n eindelose herhaling. Ons lei 'n skoner, eenvoudiger lewe en ons manier van lewe maak niemand seer nie. Ek is nou twee maande op Jeffreysbaai. Oor sowat agt maande sal my geld gedaan wees en dan sal ek werk soek. Ek sal ook my hare laat knip. Ja, ek sal my aanpas as ek moet en dit sal vir my glad nie so vreeslik wees nie."


TWEE Nieu-Seelandse meisies wat op 'n branderry-wêreldtoer is, was ook op Jeffreysbaai. Die agttienjarige Sylvie Paulik het die skool gelos, in 'n fabriek gaan werk en 'n jaar gespaar voordat sy van die huis weg is. Albei meisies maak rokke, mantels en broeke wat hulle verkoop. Hulle sit sommer op die sand in die son met 'n antieke naaimasjien en werk.

Robert Ponting is een van die gierplankryers wat hom al die langste op Jeffreysbaai bevind. Hy is nou al 'n jaar daar. Met 'n span van vier is hy van die „Ra"-gierplankryers. Hy maak van die beste gierplanke in Suid-Afrika.

Hy ry al van sy twaalfde jaar af brander. „Maar om my in my laaste skooljaar te laat slaag, het my vader my van die branders af weggestuur Johannesburg toe," sê hy. „Maar ek het weggeloop en in 'n gierplankwinkel werk gekry." Daar het hy 2½ jaar gewerk. „Ek het hierheen gekom om vrede te vind, en ook die goeie branding. Dit was toe glad nie my plan om hier gierplanke te kom maak nie."

Hy het kennis gemaak met Australiërs wat dié planke maak. Hy het hom by hulle aangesluit, besluit om te bly en ook gierplanke te maak. Hy en sy drie maats maak sowat twintig per maand.

„As die branders reg is, dan ry ons hulle. Wanneer hulle nie reg is nie, is daar genoeg tyd om te werk."



**Tim Towers (21) kom van Australië. Hy is die seun van welgestelde ouers, maar verkies 'n eenvoudige lewe — soos dié op Jeffreysbaai.**



**Barry („Barrel") Carter (20) kom van Australië. Hy haat stede, „waar selfs die lug besoedel is". Hy verkies die skoon, eenvoudige lewe soos bv. op Jeffreysbaai.**

Al hierdie jong manne is daar byna behep mee om hul liggame fiks en gesond te hou. Baie van hulle is vegetariërs. Hulle almal eet net gesonde kos. Hulle sê hulle drink nie en rook nie tabak nie. Hul songebruinde liggame het die glans van gesondheid en hulle is gespierd. Dis soos hulle dit verlang en soos hulle dit wil hou.

„Daar's 'n man in Australië wat al sewentig is en nog altyd gierplank ry," vertel Tim Towers. „Dis soos ek ook graag wil wees."

Hoe lank hierdie bestaan op Jeffreysbaai sal voortduur? Vir party is dit bloot tydelik. Hulle sal van die eenvoud moeg raak en na die meer konvensionele lewe terugkeer.

Maar party van hulle is meer meegevoer en begeester. Hulle sê hulle sal na die konvensionele samelewing nooit terugkeer nie.

„Ek sal graag met 'n meisie wil trou wat hieroor soos ek voel," sê Robert Ponting. „Ek sou graag op 'n afgesonderde plek wil woon en my kinders daar groot maak. En miskien gierplanke bou . . ." *